basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**RELIGIESTUDIES V1**

**2018**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 12 bladsye.**

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | C√ | (1) |
| | 1.1.2 | A√ | (1) |
| | 1.1.3 | B√ | (1) |
| | 1.1.4 | D√ | (1) |
| | 1.1.5 | A√ | (1) |
| | 1.1.6 | D√ | (1) |
| | 1.1.7 | B√ | (1) |
| | 1.1.8 | B√ | (1) |
| | 1.1.9 | C√ | (1) |
| | 1.1.10 | A√ | (1) |
| | | | (10 x 1) (10) |
| 1.2 | 1.2.1 | doop √ | (1) |
| | 1.2.2 | mantra √ | (1) |
| | 1.2.3 | moksha √ | (1) |
| | 1.2.4 | Tien Gebooie √ | (1) |
| | 1.2.5 | Hadj √ | (1) |
| | 1.2.6 | rituele √ | (1) |
| | | | (6 x 1) (6) |
| 1.3 | 1.3.1 | D√ | (1) |
| | 1.3.2 | G√ | (1) |
| | 1.3.3 | A√ | (1) |
| | 1.3.4 | E√ | (1) |
| | 1.3.5 | F√ | (1) |
| | 1.3.6 | B√ | (1) |
| | | | (6 x 1) (6) |

1.4 1.4.1 Sikhisme √
Die ander is Abrahamitiese gelowe/godsdienste. √ (2)

1.4.2 Godheid √
Die ander verwys na 'n vergelyking tussen godsdienste/gelowe./Konsepte wat dikwels in die konteks van godsdiens gebruik word. √ (2)

1.4.3 Sanskrit √
Die ander behoort aan Islam. √ (2)

1.4.4 Bab √
Die ander behoort aan Hindoeïsme. √ (2)
(4 x 2) (8)

1.5 1.5.1
- Die interpretasie/vertolking van heilige tekste/geskrifte. √
- Die woord kom van die Griekse woord *hermeneuein* wat 'vertolk' beteken. √ (2)

1.5.2
- Dit is 'n fundamentele geloof in Taoïsme. √
- Alle wêreldprosesse bestaan uit twee opponerende magte, Jin en Jang. √
- Die Jang is aktief, lig, kragtig, manlik en die Jin is passief, donker, toegeeflik en vroulik. √ (2)

1.5.3
- Dit is 'n plegtige belofte/gelofte/ooreenkoms/eed/waarborg.
- Dit word oor die algemeen aan Judaïsme toegeskryf.
- Die verbond/gelofte is deur God gemaak as 'n ooreenkoms tussen Hom en die Jode. (2)

1.5.4
- Die woord kom van die Sanskrit, dit beteken 'ontwaakte' of 'verligte'. √
- Dit is as titel aan Siddhartha Gautama, die stigter van Boeddhisme, gegee. √
- As gevolg van die Boeddhistiese geloof in reïnkarnasie is daar 'n opeenvolging van Boeddhas, so daar is meer as een Boeddha. √ (2)

1.5.5
- Hierdie persoon staan as 'n sangoma bekend. √
- Sy/Hy tree as tussenganger tussen mense en die voorvaders op. √
- Sy/Hy kan 'n persoon se lot voorspel. √ (2)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet aanvaar word.** (5 x 2) (10)

1.6 1.6.1 ONWAAR. √ Theravada beteken die 'Weg van die Oudstes' of 'Tradisie van die Oudstes'. √/
Mahayana-Boeddhisme beteken die Groot Weg/Groot Voertuig. √ (2)

1.6.2 ONWAAR. √ Ubuntu skryf die morele/sedelike kode in die Afrika Tradisionele Godsdiens voor. √/
Sinkretisme is die vorming van 'n nuwe godsdiens deur die aspekte van verskillende godsdienste te kombineer. √ (2)

1.6.3 ONWAAR√. Shoghi Effendi (1897–1957) was 'n leier van die Bahá'i-geloof. √ (2)

1.6.4 WAAR √√ (2)

1.6.5 ONWAAR. √ Hulle bereik Verligting of Nirvana. √/
Karma is die geloof dat elke daad/handeling 'n gevolg het wat later in die huidige lewe of in 'n latere reïnkarnasie na vore kan tree. √ (2)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1. 2.1.1
- Die woord beteken letterlik die 'wetenskap/studie van idees'. Dit is 'n stelsel/stel idees/gelowe/oortuigings, (waardes en menings wat die manier bepaal waarop 'n persoon of groep optree, dink en die wêreld beskou.
- Vir mense sonder 'n godsdiens is hulle ideologie die wyse waarop hulle die wêreld beskou en daarom is dit dalk 'n plaasvervanger vir godsdiens (wêreldbeskouing).
- Voorbeelde: kommunisme/ Marxisme/ Fascisme/ nasionalisme, demokrasie/ sosialisme. (4)

2.1.2
- Dit is 'n sinoniem vir godsdienstige leringe of gelowe/ oortuigings.
- Dit verwys na goddelike bevele.
- Voorbeeld: Moksha is bevryding van die voortgaande siklus van reïnkarnasie in Hindoeïsme.
- Jesus Christus is die Seun van God in die Christelike godsdiens.
- Daar is slegs een God (Allah) in Islam. (4)

2.1.3
- Godsdienste is nie in konflik nie, bestaan in vrede saam.
- Godsdienste werk saam tydens 'n humanitêre krisis.
- Voorbeeld: Godsdienste is verenig wanneer hulle saamstem oor 'n lering, bv. 'n gevoel van eenheid/een wees met die godheid is 'n belangrike deel van godsdienstige ervaring.
- 'n Godsdiens se identiteit skep daarbinne eenheid deur 'n gevoel van behoort te skep. (4)

2.2 2.2.1
- Die naam van die godheid in Islam is Allah.
- Allah se eienskap/kenmerk is dat Hy nie 'n vader of 'n moeder het nie en Hy het nie 'n seun of 'n dogter nie (Hy is nie gebore nie en Hy is ook niemand se vader nie).
- Die heilige geskrif is die Koran.
- Dit is woordeliks deur die aartsengel Gabriel aan die ongeletterde Profeet Mohammed gedikteer.
- Volgens hulle dieetvoorskrifte mag slegs kos wat 'halaal' is, geëet word. (4)

2.2.2
- Die Christelike godsdiens glo in die Drie-eenheid; dat daar slegs een God is en dat in hierdie een God drie persone is.
- Die drie persone van die Drie-eenheid is God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees.
- Jesus is die Seun van God.
- Jesus is God self (in die vlees/liggaamlik).
- Jesus het aan die kruis gesterf en uit die dood opgestaan/opstanding. (4)

2.2.3
- Hindoeïsme het baie gode en godinne wat aspekte van Brahma verteenwoordig. Krishna, Shiva en Vishnu is voorbeelde.
- In Hindoeïsme word die siel as ewig en onveranderbaar beskou.
- Hindoes het vier lewensdoelwitte: dharma (die weg van die Hoër Waarheid), artha (verkryging van rykdom), kama (sensuele genot) en moksha (verlossing van lyding).
- Daar is vier kastes/klasse/stande in die samelewing: priesterlik (Brahmanas/Brahmins), heersers (ksjatris), werkers of handelaars (vaisjes), bediendes (soedras).
- Daar is vier lewensfases (ashramas): student-, getroude, aftrede- en die opsionele vroom-fase (sannyasins).
- Hindoes glo aan reïnkarnasie waar die siel deur 'n reeks geboortes en sterftes gaan.
- Die siel word van geboorte tot dood en van dood tot geboorte aangedryf in 'n voortgaande siklus wat samsara genoem word.
- 'n Unieke eienskap van Hindoeïsme is die konsep van reïnkarnasie – hergeboorte in verskillende lewensvorms. (4)

2.2.4
- Hulle sentrale idee is Tao, die naaste aan 'n idee van godheid.
- Tao beteken 'die pad van die heelal'.
- Alle wêreldprosesse is opgemaak uit die twee opponerende magte van Jin en Jang, bv. haat en liefde.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet aanvaar word.** (4)

2.3 2.3.1
- Voorvaders kommunikeer met lewendige familielede deur middel van 'n tussenganger.
- Voorvaders mag via diere kommunikeer.
- Hierdie tussenganger word 'n sangoma/waarsêer genoem wat 'n volgehoue verhouding met die voorvaders verwesenlik.
- 'n Algemene manier om te kommunikeer, is deur drome en visioene. (4)

2.3.2
- Die geloof dat die voorvaders die familie lei en beskerm, versterk die familie, wat weer die gemeenskap versterk.
- Daar is 'n groot gevoel van verbondenheid en deurlopendheid in die familie en die gemeenskap.
- Dit laat lede veilig voel want dit gee hulle 'n sterk gevoel van identiteit en tuishoort.
- 'n Mens word aangemoedig om 'n kuise lewe te lei. Die voorvaders, wat glo die mondstuk van die Skepper is, beloon 'n mens hiervoor in hierdie wêreld. (6)

2.3.3
- Die Afrika Tradisionele Godsdiens het nie geskrewe geskrifte nie.
- In plaas daarvan is daar 'n sterk mondelinge tradisie waar vertelkuns (stories vertel) belangrik is.
- Die vertelkuns vervul dieselfde funksie as geskrewe tekste in hierdie godsdiens.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet aanvaar word.** (2)

2.4
- 'n Mite is gewoonlik 'n 'grootskaalse' verhaal wat op 'n oordrewe manier vertel word.
- Dit dra 'n geestelike waarheid oor.
- Dit verwys na 'n godsdienstige verhaal waarin die waarheid oor die lewe onthul word, bv. oor die skepping van die wêreld en die lewe na die dood.
- 'n Gelykenis is 'n storie wat 'n sedeles/moraal leer.
- Anders as die groot skaal van 'n mite, behels 'n gelykenis enige soort karakter, selfs 'n eenvoudige en gewone persoon.
- 'n Mite is gewoonlik kort.

LET WEL:Twee punte word toegeken vir ''mite'' en twee punte vir'gelykenis'' (4)

2.5
- Die drie Abrahamitiese gelowe/godsdienste – Judaïsme, die Christelike godsdiens en Islam – is almal monoteïsties.
- Hulle word soms 'godsdienste van die boek' genoem omdat hulle almal glo aan 'n goddelik geïnspireerde heilige geskrif/teks.
- Die heilige geskrif is baie belangrik in hierdie godsdienste en gevolglik word daar groot klem op onderrig/kennis oordra/bestudering geplaas.
- Hulle staan as Abrahamitiese gelowe/godsdienste bekend omdat hulle almal vir Abraham as 'n belangrike profeet erken.
- Hulle glo aan engele.
- Hulle glo aan die lewe na die dood.
- Hulle deel 'n gemeenskaplike geloof oor die skepping.
- Hulle glo aan die Laaste Oordeel van die mensdom.
- In al drie godsdienste word die dissipline van vas aangemoedig om geestelikheid te kweek.
- Hulle glo aan die profete.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet aanvaar word.** (6)

**[50]**

**VRAAG 3**

3.1 3.1.1
- Ons lewe in 'n 'wêrelddorpie' van massakommunikasie en sosiale netwerke. Die groei is moontlik 'n natuurlike deel van die algemene toename in mediadekking oor alle sake/kwessies.
- Meer mense stel in godsdiens belang.
- Met makliker toegang tot inligting kan die leek die 'godsdienstige kundige' uitdaag en verantwoordelik hou. Dit lei tot twispunte wat die publiek se belangstelling prikkel.
- Die media is 'n magtige instrument om inligting en leringe te versprei en dit word deur godsdienste self vir hierdie doel gebruik.
- Mense word deur nuuskierigheid en sensasionele stories aangetrek.
- Die media gebruik dit om hulle nuus te verkoop en 'n wins te maak.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet aanvaar word.** (4)

3.1.2
- Sensasie verkoop wat weer winste laat styg.
- Hulle wil wins maak.
- Hulle het 'n gebrek aan ware/onvervalste inligting oor godsdiens.
- Hulle is geneig om bevooroordeeld te wees.
- Hulle gebruik negatiewe stereotipes in verslaggewing.

LET WeL:geen krediet word gegee vir voorbeelde.
**Ander relevante antwoorde moet aanvaar word.** (4)

3.1.3
- Hulle moet sterk beleid en prosedures instel om hulle leiding te gee oor hoe hulle moet optree en hoe hulle met die media omgaan/handel.
- Godsdienste moet seker maak dat hulle lede protokol volg.
- Hulle moet 'n woordvoerder hê wat mediasake hanteer.
- Lede moet 'n hoë vlak van dissipline toon en verantwoordelik wees.
- Hulle gedrag en positiewe gebruik van die media sal dien om enige negatiewe verslaggewing teë te werk.
- Indien daar negatiewe verslaggewing is, kan hulle die media gebruik om die ware feite te gee.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet aanvaar word.** (6)

3.1.4
- Die media doen gewoonlik verslag vanuit 'n sekere perspektief om die gewenste effek te verkry.
- Hulle kies die visuele materiaal wat hulle gebruik baie versigtig.
- Hulle hoofopskrifte trek ons aandag.
- Hulle taalgebruik is voorbedag/doelbewus om hulle siening te ondersteun – toon, woordeskat, ens.
- Hulle doen onderhoude met gewilde en beroemde mense.
- Hulle kies waar 'n artikel in die gedrukte media geplaas word.
- Die herhaling van dieselfde boodskap op verskillende wyses het gevolg dat die ontvanger oplaas die boodskap aanvaar, al is dit onwaar.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet aanvaar word.** (8)

3.1.5 **VOORBEELD 1: KONFLIKTE**

Konflik in die Midde-Ooste en Afrika word as godsdienstig beskou, bv. Israel/Palestina, Sirië, Iran, Libië en Nigerië.

- Israel/Palestina: Die stryd tussen die Jode en Palestyne is al baie lank aan die gang en dit lyk nie asof daar 'n oplossing is nie.
- Sirië, Irak: Die intragodsdienstige Moslem-konflik in hierdie dele, met die betrokkenheid van ISIS, is 'n 'warm' onderwerp. Dit het gelei tot die humanitêre krisis van vlugtelinge wat uit hulle oorloggeteisterde lande vlug. Baie vlug na Noord-Afrika en van daar op gevaarlike bote oor die Middellandse See na Europa.
- Nigerië: Boko Haram, 'n Moslem-groep, het 'n aantal aanvalle op burgerlikes en die regering uitgevoer.

**WAAROM?**

- Mense wil ingelig wees oor die konfliksituasies genoem.
- Hulle wil weet wat die vlak van godsdienstige betrokkenheid is.
- Die kwessies hierbo het humanitêre krisisse veroorsaak, bv. die vlugtelingprobleem.
- As 'n joernalis wil ek die lyding van mense oopvlek en 'n oplossing vir die probleem vind.

**VOORBEELD 2: ANDER AKTUELE GODSDIENSTIGE SAKE**

Sake van aktuele belang: welvaartsgodsdiens, blink ('bling-') pastore, valse/foppastore.

**WAAROM?**

- As 'n joernalis wil ek die misbruik van godsdienstige mag blootlê.
- Kwesbare mense word slagoffers in die naam van God/godsdiens.

**LET WEL: TWEE punte word toegeken vir elke kwessie,en TWEE punte word toegeken aan elke rede.** (8)
**Ander relevante antwoorde moet aanvaar word.**

3.2 3.2.1

- Dit is onbevooroordeeld met 'n oop gesindheid./'n Persoon behoort nie bevooroordeeld te wees nie.
- 'n Persoon vind uit oor 'n godsdiens slegs om te verstaan/ begryp en dit te waardeer.
- Daar is geen ander motief/rede soos om dit te veroordeel of te vergelyk nie. (4)

3.2.2

- Die unieke dinge van 'n godsdiens maak dit anders as ander.
- Die unieke dinge van 'n godsdiens is die dinge wat die meeste waardeer word.
- Volgelinge kan beskermend en verdedigend hieroor wees.
- Gevolglik is hulle maklik geaffronteer en ontstel as ander nie die nodige respek toon nie.
- Mense vrees verskille.

LET WEL:Indien ‘n leerder slegs ‘n verbatim herhaal uit die dialoog,moet ‘n maksimumvan TWEE punte toegeken word. (6)

3.2.3
- Ben bewonder die diversiteit/verskille tussen godsdienste./Hy is verdraagsaam teenoor ander religieë.
- Hy dink dat die unieke dinge van 'n godsdiens pragtig is.
- Hy dink dit is wat godsdiens wonderlik maak. (2)

3.2.4
- Shireen dink dat begrip en verdraagsaamheid 'n risiko kan wees.
- Daar is geen sekerheid dat iemand op hulle beurt begrip en verdraagsaamheid sal ontvang nie.
- Die ander godsdiens kan steeds moontlik probeer om haar te bekeer.
- Dit kan 'n superieure houding inneem.
- Dit kan teen haar diskrimineer. (6)

3.2.5 **BEN:**
- Besoek aanbiddingsplekke van verskillende godsdienste.
- Ontmoet mense van verskillende gelowe/oortuigings.
- Sluit aan by 'n intergeloofsgroep.
- Ondersteun 'n intergodsdienstige liefdadigheidsorganisasie.

**OF**

**SHIREEN:**
- Doen stappe om jou kennis, begrip en/of ervaring van jou eie geloof/godsdiens te verbreed.
- Wees verdraagsaam en respekteer ander godsdienstige gelowe/oortuigings, selfs al stem jy nie met hulle saam nie.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet aanvaar word.** (2)
**[50]**

**VRAAG 4**

4.1 4.1.1
- Dit is 'n basiese reg wat aan elke mens sonder diskriminasie gegee word.
- Dit word aan 'n mens gegee eenvoudig omdat hy/sy 'n mens is wat 'n reg op menswaardigheid het. (4)

4.1.2
- Die uitspraak het godsdiensvryheid as 'n mensereg vir almal (Konstitusie) bevestig toe daar verklaar is dat dit onwettig is om 'n spesifieke godsdiens, tot uitsluiting van ander godsdienste, te bevoordeel.
- Die uitspraak het bevestig dat godsdiensbeoefening en -uitdrukking by openbare skole mag plaasvind, onderhewig aan drie voorwaardes onderhewig. Hierdie drie voorwaardes kom presies met die Konstitusie ooreen.
  Die drie voorwaardes is:
- 1. Dit moet plaasvind volgens die reëls wat deur die toepaslike owerhede ingestel is (in die geval van 'n skool sou dit die Skoolbeheerraad wees);
- 2. Dit moet op 'n billike grondslag plaasvind.
- 3. Bywoning moet vry en vrywillig plaasvind. (10)

4.2 4.2.1
- Program vir Christen-Moslem-verhoudinge in Afrika ('PROCMURA')
- Interfaith Action for Peace in Africa (IFAPA)
- Raad van Godsdienstige Leiers in Afrika (Religions for Peace) ('ACRL'/RP)

**Let Wel:Aanvaar SA interreligieuse organisasie.Moet nie slegs ‘n humanitêre organisaie krediteer nie.** (2)

4.2.2
- Parlement van die Wêreld se Godsdienste/Wêreldparlement van Godsdienste
- Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede (WKGV)

**Let Wel:** Selfs globale interreligieuse humanitêre organisasie kan aanvaar word.
**(Enige EEN van die bogenoemde)** (2)

4.2.3 **VOORBEELD 1: PARLEMENT VAN DIE WÊRELD SE GODSDIENSTE ('PWR')**
- Kom vir die eerste keer in 1893 bymekaar. Dit het mense van verskillende godsdienste saamgebring om in gesprek te tree.
- Dit word dikwels beskou as die begin van die moderne bewustheid van positiewe intergodsdienstige verhoudinge.
- By die tweede vergadering 'n 100 jaar later is daar besluit dat daar gereeld, ongeveer elke vyf jaar, sou bymekaarkom.
- Die dokument/verklaring oor wie hulle is en waarvoor hulle staan, genoem 'Towards a Global Ethic', was 'n uitkoms van hierdie tweede byeenkoms.
- Die aanvanklike idee van die PWR was ruimte vir godsdienstige gesprek. Dit is as die behoefte van daardie tyd beskou.

- Daar was sedertdien vooruitgang ten opsigte van gesamentlike optrede om maatskaplike probleme oor die hele wêreld aan te pak.
- Opeenvolgende PWR'e het kwessies soos MIV/Vigs, godsdienstige geweld, veilige water, vlugtelinge en die uitwis van eksterne skuld in ontwikkelende lande aangepak.
- Hulle het die Millennium Development Goals vir die uitwissing van armoede ondersteun en ook insette gelewer.
- Ook by die Millennium Development Goals ingesluit, is versoening, aardsklimaatsverandering en volhoubaarheid.

**VOORBEELD 2: WÊRELDKONFERENSIE VAN GODSDIENSTE VIR VREDE (WKGV)**

- Die WKGV was betrokke by die oplei van gemeenskappe oor die menseregte van die kind (Konvensie oor die Regte van die Kind, die menseregte-ooreenkoms wat die algemeenste in die geskiedenis bekragtig is).
- Dit het gehelp om versoening in Bosnië en Kosovo in Europa te bring.
- Dit het tussen strydende groepe in Sierra Leone gemedieer.
- Dit het 'n internasionale netwerk van godsdienstige vroueorganisasies daargestel.
- In vennootskap met ander organisasies, het dit Hope for African Children gestig wat die probleem van kwesbare kinders as gevolg van MIV/Vigs in Afrika aangepak. Dit sluit ook wanvoeding, misbruik en uitbuiting, weeskinders, skoolafwesigheid omdat hulle na siek gesinslede moet kyk en armoede in. (10)

4.2.4 **VOORBEELD 1: PARLEMENT VAN DIE WÊRELD SE GODSDIENSTE ('PWR')**

- Daar is 'n gesindheid van wedersydse respek, inklusiwiteit en dialoog/gesprek.
- Struikelblokke tussen godsdienste is oorwin.
- Dit het van gesprek na handeling/optrede beweeg.
- Dit reageer op die behoeftes wat in die gesprek uitgedruk is.

LET WEL : Indien 4.22 verkeerd is,kan 4.2.3 en 4.2.4 slegs gekrediteer word as daar duidelike verwysing is na EEN globale interreligieuse organisasie.

**VOORBEELD 2: WÊRELDKONFERENSIE VAN GODSDIENSTE VIR VREDE (WKGV)**

- Daar is 'n gesindheid van wedersydse respek, inklusiwiteit en dialoog/gesprek.
- Godsdienste werk saam vir wêreldvrede.
- Dit is die grootste internasionale intergodsdienstige liggaam en dit is op elke vasteland bedrywig.
- Uit hulle werk ten opsigte van versoening en mediasie in konflikgebiede kan dit as 'n betroubare onderhandelaar beskou word. (6)

4.2.5
- By staatsfunksies, soos die opening van die parlement, die inlywing van die President, ens. word godsdienstige leiers uit 'n verskeidenheid godsdienste genooi om aan die seremonie deel te neem.
- By openbarevakansiedagvieringe, soos Menseregtedag en Erfenisdag, neem godsdienstige leiers van verskillende godsdienste deel.
- Intergeloofsdienste word gehou.
- Daar is baie godsdienstige NRO's (nieregeringsorganisasies) wat voorsien in die behoeftes van die kwesbares van alle gelowe/oortuigings.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet aanvaar word.** (6)

4.2.6
- Godsdiens kan mense se gedrag op positiewe en negatiewe maniere beïnvloed.
- Dit is 'n baie individuele saak; mense het hulle eie wyses waarop hulle dinge beskou en doen.
- Die meeste godsdienste leer goeie maniere.
- Hulle skerp waardes, soos sorg en respek vir jou naaste, in.
- Dit kan 'n baie positiewe invloed op 'n persoon se opvoeding en vorming uitoefen.
- 'n Persoon kan egter onverdraagsaam met betrekking tot ander godsdienste wees omdat trots, onkunde en selfs vrees.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet aanvaar word.** (10)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou